

**“VRY, NÉÉ, HOFMAAK IN DIE 19DE EEU:  
'N ONTLEDING VAN 21STE-EEUSE STUDENTETEKSTE”<sup>1</sup>**

**Karina Sevenhuysen**

*Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria,  
Pretoria, 2000*

**Courting in the 19<sup>th</sup> century: an analysis of 21<sup>st</sup> century student texts**

Imagination and creative involvement in the events of the past are some ways to introduce Cultural History students to their field of study. This study investigates how second year Cultural History students at the University of Pretoria expressed their knowledge and understanding of the module on *South African spiritual culture in the 19<sup>th</sup> century: customs, beliefs and science* in texts. Students had to integrate their knowledge, understanding and experience of the total module content into a single courtship story. During this process, they had to transfer themselves from the highly-technological 21<sup>st</sup> century in which they are finding themselves, to that of the 19<sup>th</sup> century pioneer. Can one deduct from an analysis of the texts that they were successful in doing this? Did this creative exercise succeed in involving students in the lives, thoughts and emotions of the pioneer?

**Keywords:** courting; imagination; 19<sup>th</sup> century South African customs; student texts; teaching of Cultural History

Verbeelding en kreatiewe betrokkenheid by die verledegebeure is een van vele maniere om Kultuurgeskiedenisstudente deel van en een met hulle studieveld te maak. Hierdie studie loods 'n ondersoek na hoe tweedejaar Kultuurgeskiedenisstudente aan die Universiteit van Pretoria in die module oor *Suid-Afrikaanse geesteskuur in die 19de eeu: volksgebruike, -gelowe en -wetenskap* hulle kennis en begrip deur middel van tekste uitgedruk het. Studente moes hulle kennis, begrip en beleving van die totale module-inhoud in 'n enkele hofmaakstorie integreer. In hierdie proses moes hulle hulle uit hulle 21ste-eeuse hoogs-tegnologiese leefwêreld na dié van die 19de-eeuse

---

<sup>1</sup> In ooreenstemming met die riglyne van die Navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universteit van Pretoria word die name en studentennommers van studente in bronverwysings weggelaat en word numeries na studente verwys. 'n Volledige lys met studentename en -nommers is wel ter insae beskikbaar om die geldigheid van die bronne te bevestig.

pioniersomstandighede verplaas. Kan 'n mens uit 'n ontleding van die tekste aflei of hulle daarin suksesvol was; het hierdie kreatiewe oefening daarin geslaag om studente die leef-, gedagte-, en gevoelswêreld van die pionier te laat betree?

**Sleutelwoorde:** hofmaak; Kultuurgeskiedenisonderrig, 19de-eeuse Suid-Afrikaanse gebruike; studentetekste; verbeelding

## Inleiding

Terwyl u hierdie verhaal lees, verbeel uself dat u as hubare jong mens deel is van 'n Transvaalse pioniersgesin in die 19de eeu. Verplaas uself in u gedagte-wêreld na die voorkamer van die pioniershuis, raak bewus van die reuk van die vetkers, die nag- en huisgeluide, die opwinding én onsekerheid van verliefwees, die op-die-hoede-wees vir Vader se kwaai stem en die kwaaijongstreke van onnutsige broers ... .

Liewe Suster Meraai

Ek sou nie so baie geskryf het as ek nie in die hoogste nood was nie. Ek het egter geen keuse nie. My hele huis draai teen my én dit sluit my getroue ou gade in, en dit alles oor klein Bets se stuitigheid.

Dié kind het so vroeg oor die onderdeur begin loer – letterlik. Net Saterdag-agtermiddag kom hier 'n blink Stefaans van 'n neef aangery, die perd se maanhare is in lokke gedraai en dis net molvelbroek en platgekamde kuif. Hier word ek na buite gedwing om hom in te wag. Toe moet ek hoor die kuiery is al lankal aangevoer deur my eie vlees en bloed, ene snip van 'n Hester wat nie haar neus uit haar suster se sake kon hou nie. Soos jy kan aflei, bly Bets natuurlik binne, sý loer oor die onderdeur vir die knaap.

Nou ja, wat kan ek doen? Ek nooi hom toe maar binne en sê hy moet maar in die vrykamer gaan was. So kuier-kuiër gaan die aand toe maar verby; hy stuur spesifiek groete van sy ouers af en só. Ná boekevat begin die kêrel skielik padlangs gesels. Hy sê hy wil by Bets kuiër. Ek wou nog weier en sê Bets is nog te jonk. Maar wat wou, daar kry ek 'n knyp van my wederhelf soos wat ek laas gekry het toe óns nog aan die opsit was. Ergste van als is, sy steek nie eers die speld in die kers om hom te laat verstaan hy moet nou nie te lank bly nie. Ag, en wat 'n dikvelligheid is hy nie. Ek kug my longe uit, dan ry hy steeds eers 'n uur later hier weg, al singende. Wat as hy teen daglig nog onder my dak is? Ek vra jou, wat van die skande?

Nou is hy elke Woensdag en Saterdag hier! Het die vent dan nie 'n huis nie? Bets dra op haar beurt nou al glad pal 'n rooi sysakdoek met haarself saam.

Sit ons in die voorhuis tik sy met haar vinger teen die wang! 'n Blatante soentjievraery! En hy gee ewe blatant die koppie oorkruis aan en sê 'ja!' Gelukkig sien ek sy steek darem 'n toe roosknoppie aan haar rok vas, hy sal haar al saggemaak hê, dan moet hy nog eers by my verbykom.

Haar broers maak die wêreld vir hom moeilik, maar dis 'n skamele troos. Ek smeek jou, ou suster, kom met jou forse persoonlikheid gou hierheen en kom sien hierdie vryery reg!

Jou toegewyde broer

Gert.<sup>2</sup>

Kon u deur hierdie verhaal die leef-, gedagte- en gevoelswêreld van die pionier betree? Hoe belangrik is verbeelding en kreatiewe betrokkenheid by die verledegebeure en kulturele gebruike en tradisies in die onderrig van Kultuurgeskiedenis? Stel verbeelding – die inleef in die verledegebeure – studente in staat om groter begrip, empatie en kulturele sensitiwiteit vir die gebruike en tradisies van weleer te ervaar en te openbaar?

Hierdie studie loods 'n ondersoek na hoe tweedejaar Kultuurgeskiedenisstudente aan die Universiteit van Pretoria in die module oor *Suid-Afrikaanse geesteskuiluur in die 19de eeu: volksgebruike, -gelowe en -wetenskap* hulle kennis en begrip deur middel van tekste uitgedruk het. Studente moes hulle kennis, begrip en beleving van die totale module-inhoud in 'n enkele hofmaakstorie integreer. Aspekte soos die karaktertrekke van en wisselwerking binne die 19de-eeuse pioniersgesin en -familie; hulle godsdiens; hulle volkswetenskap; en hulle volksgeloof, -gebruike, -gewoontes en -tradisies moes in 'n verslag oor 'n aand se hofmaak in die 19de eeu verwoord word. In die proses moes hulle hulle uit hulle 21ste-eeuse hoogs tegnologiese leefwêreld na dié van die 19de-eeuse pioniersomstandighede verplaas. Kan 'n mens uit 'n ontleding van die tekste aflei of hulle daarin suksesvol was? Het hierdie kreatiewe oefening daarin geslaag om studente die leef-, gedagte- en gevoelswêreld van die pionier te laat betree?

### **Die uitkomstgebaseerde onderrigmodel**

Die module oor *Suid-Afrikaanse geesteskuiluur in die 19de eeu: volksgebruike, -gelowe en -wetenskap* word sedert 2000 in sy huidige formaat aangebied. In ooreenstemming met internasionale onderrigtendense en die behoefte aan 'n arbeidskorps in Suid-Afrika wat basiese vaardighede en kennis moet kan bemeester en toepas, het die

<sup>2</sup> Student 1, Hofmaakverslag: "Noodbrief rondom 'n vrypostige vryer", 2000.

Universiteit van Pretoria besluit om weg van 'n *inhoud*gebaseerde kurrikulum na 'n *uitkoms*gebaseerde leerprogram te beweeg. 'n *Uitkoms* behels wat die student met die bemeesterde inhoud moet kan doen en hoe die student die inhoud moet kan toepas, met ander woorde die eindproduk van die leerproses.<sup>3</sup>

Elke module moet voldoen aan bepaalde *kritiese kruisvelduitkomst*e, wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid (SAKO) aanvaar is.<sup>4</sup> Vir hierdie module is die volgende kritiese kruisvelduitkomst as toepaslik geïdentifiseer:

- “(a) Identifisering en oplos van probleme aan die hand van response wat op verantwoordelike besluitneming, kritiese en  *kreatiewe denke* gegrond is;
- (b) insameling, analise, organisering en kritiese evaluering van inligting;
- (c) doeltreffende kommunikasie deur gebruikmaking van taalvaardighede in geskrewe ooredingsmodusse;
- (d) **demonstrasie van begrip** vir die wêreld as 'n verweefde stelsel deur te erken dat probleemoplossingskontekste nie in isolasie bestaan nie; en
- (e) die lewering van 'n bydrae tot die volle persoonlike ontwikkeling van studente en die sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkeling van die gemeenskap in die breë deur die onderliggende bedoeling van hierdie module om studente bewus te maak van die belangrikheid van deelname aan die plaaslike, nasionale en internasionale gemeenskap as verantwoordelike en ingeligte burgers en van die belangrikheid van **kulturele sensitiwiteit** oor die wye front van sosiale en geesteskuurkontekste.”<sup>5</sup>

Binne hierdie onderrigmodel moet studente, benewens die baie algemene en breë kritiese uitkomst, ook aan meer spesifieke *module-uitkomst*e voldoen. Vir hierdie module is die module-uitkomst soos volg geformuleer:

“Na bestudering van hierdie afdeling van die module behoort jy in staat te wees om:

- (a) enkele behandelde karaktertrekke van negentiende-eeuse Suid-Afrikaners te noem, te **verduidelik** en krities te evalueer;
- (b) die godsdienstige oortuigings van Suid-Afrikaners te **verduidelik** deur die invloed daarvan aan te toon en die godsdienstbeleving van enkele Suid-Afrikaners te evalueer;
- (c) die oorsprong, aard en inhoud van Suid-Afrikaners se volksgeloof te **verklaar**, te **verduidelik** en met voorbeelde te illustreer;

<sup>3</sup> The South African Qualifications Authority, *Criteria and guidelines for assessment of NQF registered unit standards and qualifications* (Pretoria, 2003), p. 70.

<sup>4</sup> Fakulteit Geesteswetenskappe, E-pos oor Mikrokurrikulering, 1999-11-25.

<sup>5</sup> K. Sevenhuysen, *Studiegids vir KTS 220: Suid-Afrikaanse geesteskuur in die 19de eeu: volksgebruike, -gelowe en -wetenskap* (Pretoria, 2008), p. 11.

- (d) die oorsprong, aard en inhoud van Suid-Afrikaners se volkswetenskap te **verklaar**, te **verduidelik** en met voorbeelde te illustreer; en
- (e) Suid-Afrikaanse gebruike en gelowe rondom die lewensfasies van geboorte, doop, huwelik, dood en begrafnis gedurende die negentiende en twintigste eeu te **verklaar**, te **verduidelik** en met voorbeelde te illustreer, en die gebruik van genoemde gebruike en gelowe deur die verskillende komponente van die Suid-Afrikaanse samelewing met mekaar te vergelyk.”<sup>6</sup>

In die departementele *Studiehandleiding*, waarin studente oor assesseringskriteria ingelig word, word die betekenis van die werkwoord **verduidelik**, wat die meeste in die module-uitkomst voorkom, soos volg uiteengesit:

“Verduidelik...

‘verantwoord of verklaar’

Om sin te maak van ’n gebeurtenis/optrede deur redes te verskaf waarom dit gebeur het. Om volle **begrip** van ’n gebeurtenis of ontwikkeling te openbaar. ’n Verduideliking behoort voorbeelde en redes vir uitsprake in te sluit.”<sup>7</sup>

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat uitkomst meestal om die assessering of beoordeling van studente se kennis, **begrip**, **empatie** en kulturele sensitiwiteit wentel. Maar wat presies beteken **begrip**? Volgens die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* behels **begrip** die “[v]ermoë om te begryp” en op sy beurt behels **begryp** “[m]et die verstand vat, verstaan”; voorts word ook verwys na die daarstelling van ’n “[d]enkbeeld ... [’n] voorstelling” en die bestaan van “[s]impatieke en meelewende verstaan” wanneer begrip openbaar word.<sup>8</sup> **Empatie** verwys na die “[v]ermoë om jou persoonlikheid in die voorwerp van bepeinsing te projekteer en so ’n volledige **begrip** daarvan te bekom; vermoë om jou in die plek van ’n ander te stel en om sy reaksie en houding te begryp; invoeling, inlewing.”<sup>9</sup>

Hierdie begrippe omvat presies wat die dosent as doel voor oë gestel het vir die studente om te bereik en te bemeester. Hierdie uitkoms is nogtans baie moeilik meetbaar, aangesien dit nie kwantitatief van aard is nie, maar uiters kwalitatief. Hoe

<sup>6</sup> K. Sevenhuysen, *Studiegids vir KTS 220: Suid-Afrikaanse geesteskuiluur in die 19de eeu* (2008), pp. 12-13.

<sup>7</sup> K.L. Harris & K. Sevenhuysen, *Studiehandleiding: Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis, Erfenis- en Kultuurtoerisme, Museumkunde*, (Pretoria, 2006), p. 8.

<sup>8</sup> F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, (Kaapstad, 2005), p. 75.

<sup>9</sup> F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, (2005), p. 215.

kan die dosent vasstel, beoordeel, assessee of studente begrip, empatie en sensitieweïteit openbaar? Hoe kan bepaal word of studente hulleself in die pioniersgesin se skoene kan plaas, of studente deur die oë van die pioniersgesin na 'n pionierswêreld kyk, en of studente werklik kan identifiseer, kan een-word met die pioniersomstandighede? Sal studente wat hierdie module volg nie net deel **van** die pionierswêreld word nie, maar hulleself ook, hoewel dalk net in hulle geestesoo, ook **in** die pionierswêreld kan verplaas.

Die basiese beginsels van uitkomsgebaseerde onderrig verskaf die antwoord op hierdie vrae: begin by die uitkoms.<sup>10</sup> Studente moet hulle kan identifiseer met die pioniersomstandighede, maar met watter spesifieke gedeelte daarvan? Hier moet die dosent na 'n basiese didaktiese waarheid teruggryp, naamlik dat leerders (studente) die beste identifiseer met dit wat aan hulle bekend is, met dit waarmee hulle vertrou is, en op hulle ouderdom en sosiale ontwikkelingsfase behoort die vriendskap met en liefde vir die teenoorgestelde geslag 'n goeie keuse te wees. Daarom is besluit dat studente die onderskeie fasette van die leerinhoud, te wete die karaktertrekke van en wisselwerking binne die 19de-eeuse pioniersgesin en -familie; hulle godsdiens; hulle volkswetenskap; en hulle volksgeloof, -gebruike, -gewoontes en -tradisies in 'n verslag oor 'n aand se hofmaak in die 19de eeu moet verwoord. Hierdie verslag moes in die teenswoordige tyd geskryf word, asof hulle hulle **in** die tyd, **in** die oomblik, **in** die pioniersomstandighede bevind het.<sup>11</sup>

Daar is geredeneer dat studente hulle met die hofmaakrituele van die pioniers uit hulle eie sosiale verwysingsraamwerk behoort te kan identifiseer, maar sal studente hulle waarlik kan inleef in en verplaas na die pionierstyd? Hiervoor is kreatiwiteit en 'n goeie skoot verbeelding 'n noodsaaklikheid.

---

<sup>10</sup> C. Olivier, *How to educate and train outcomes-based* (Pretoria, 1998), pp. 38-39.

<sup>11</sup> Hier kan net vermeld word dat deurlopende assessering 'n belangrike komponent van die uitkomsgebaseerde onderrigmodel is, met ander woorde studente word deurlopend, dikwels weekliks, aan uitkomstige getoets. Studente in hierdie module moet, benewens die hofmaakverslag, ook 'n verslag skryf oor die neerslag van 19de-eeuse Afrikanerkaraktertrekke in hulle eie gesinne en families; hulle moet ook 'n verslag skryf oor die reste van 19de-eeuse Afrikanervolksgeloof in hulle gesinne en families; en laastens moet hulle 'n werkstuk doen waarin die huweliksgebruike oor twee geslagte (ouers en grootouers) met mekaar vergelyk word. Vir die doel van hierdie artikel word slegs op die hofmaakverslag gefokus.

<sup>12</sup> F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, (2005), p. 1264.

## Die rol van verbeelding in historiese navorsing en studie

Verbeelding omvat die “[v]ermoë om jou iets voor te stel wat nie tas- of sigbaar is nie”<sup>12</sup> en voorstel verwys na “[v]oor die gees roep”<sup>13</sup>. Volgens *The concise Oxford dictionary of current English* verwys verbeelding (*imagination*) na “a mental faculty forming images or concepts of external objects not present to the senses”<sup>14</sup>. Wanneer ’n persoon hom/haar iets verbeel, het die persoon dus net sy gedagtes, vroeëre ervaringe en vroeëre sintuiglike waarnemings om op terug te val om ’n bepaalde beeld op te roep.

Aangesien kultuurhistorici en kultuurgeskiedenisstudente onderwerpe navors wat meestal nie meer bestaan nie, maar waarvan daar wel oorblyfsels in museums te vinde en sigbaar is, kan hierdie kultuurhistoriese reste of -produkte die navorser help om makliker beelde van die verlede in hulle verbeelding en voor hulle geestesoog op te roep. Tog kom dit steeds neer op hoe geslaagd die navorser hom in die verledegebeure kan in verbeel. Verbeelding is dus ’n onlosmaaklike stuk navorsingsgereedskap vir die kultuurhistoriese navorser en -student ? “historical imagination is the mental equipment with which practitioners of history approach their craft.”<sup>15</sup>

Hierdie standpunt word deur verskeie historici, kultuurhistorici en opvoeders bevestig. In *The pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history* is John Tosh die volgende mening toegedaan:

..., the historian ... requires imagination. ... any attempt to reconstruct the past is never completely captured in the documents [hier kan stoflike kultuurprodukte bygevoeg word] which is left behind. Again and again historians encounter gaps in the record which they can fill only by being so thoroughly exposed to the surviving sources that they have a ‘feel’ or instinct for what might have happened.<sup>16</sup>

Tosh verklaar verder dat wanneer ’n weergawe van die geskiedenis of kultuurgeskiedenis droog en vervelig aangebied word, die versamelde inligting “has not been brought to life by the play of the writer’s imagination”<sup>17</sup>. Tosh stel dit ook onomwonde

<sup>13</sup> F.F. Odendal & R.H. Gouws (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, (2005), p. 1344.

<sup>14</sup> D. Thompson (ed), *The concise Oxford dictionary of current English* (London, 1996), p. 677.

<sup>15</sup> C. Wollner, The historical imagination: “thinking” and “doing” history, p. 1; [www.upa.pdx.edu/IMS/currentprojects/TAHv3/Team.html](http://www.upa.pdx.edu/IMS/currentprojects/TAHv3/Team.html) (2009-05-13).

<sup>16</sup> J. Tosh & S. Lang, *The pursuit of history. Aims, methods and new dimensions in the study of modern history*, (London, 2006), p. 165.

<sup>17</sup> J. Tosh & S. Lang, *The pursuit of history*, (2006), p. 165.

dat 'n historiese verbeelding gekweek en gevoed kan word, deur jou wêreld sintuiglik-bewus te ervaar en te beleef.<sup>18</sup>

Cobus Ferreira, kultuurhistorikus, historikus en keurige skrywer, het in sy artikel *Taak van die kultuurhistorikus* die vermoë van die kultuurhistorikus beklemtoon om “die tydperk of persoon of voorwerp waaroor hy skryf, verbeeldingryk te verstaan.”<sup>19</sup> Hy verklaar voorts dat dit beteken dat

*[d]ie kultuurhistorikus daarna moet streef om hom met behulp van sy historiese verbeelding van die hede los te maak en hom terug te verplaas in daardie verlede wat hy bestudeer.*

*Deur middel van sy verbeelding moet hy die verlede kan visualiseer, die atmosfeer van die betrokke periode kan vasvang en dit in 'n geskrewe vorm kan neerpen. ... kultuurskrywing [is] skeppende en/of herskeppende arbeid waardeur die verlede-waarheid (soos dit werklik was) in historiese waarheid (soos die kultuurhistorikus dit gerekonstrueer het) omgeskep word; ...<sup>20</sup>*

Jackie Grobler, historikus, skrywer en dosent, stel die belangrikheid van verbeelding vir die historiese navorser onomwonde:

*Een van die belangrikste vereistes waaraan 'n goeie historikus moet voldoen, is dat hy of sy 'n uitstekende verbeelding moet hê. Hoe anders kan mens jou inleef in die milieu waarbinne die gebeure waaroor mens skryf, afgespeel het?<sup>21</sup>*

Die Britse historikus en dosent aan die universiteite van Cambridge en Oxford, Hugh Redwald Trevor-Roper “saw history as an art and the imagination as the key to understanding it.”<sup>22</sup> Dit is voorts ook baie insiggewend dat een van die algemene keuringskriteria vir studente wat Geskiedenis aan die Universiteit van Oxford wil studeer, soos volg gelys word: “[e]vidence of historical imagination and understanding ...”<sup>23</sup>

'n Belangrike gevolg van historiese verbeelding is empatie, die vermoë om jouself in die tyd en plek van historiese karakters in te projekteer, “to see their world through their eyes,”<sup>24</sup> wat weer aanleiding gee tot begrip van hoekom hulle geglo en opgetree het soos hulle het.

<sup>18</sup> J. Tosh & S. Lang, *The pursuit of history*, (2006), p. 165.

<sup>19</sup> O.J.O. Ferreira, Taak van die kultuurhistorikus, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 2(2), 1988, p. 100.

<sup>20</sup> O.J.O. Ferreira, Taak van die kultuurhistorikus, (1988), p. 100.

<sup>21</sup> Student 27, J.E.H. Grobler, Boekresensie: Geromantiseerde geskiedenis van 'n Vrystaatse Joinergesin (L.J. Bothma, *Punt van die swaard*), *Historia* 48(2), November 2003, p. 167.

<sup>22</sup> [http://www.history.ac.uk/makinghistory/historians/trevor-roper\\_hugh.html](http://www.history.ac.uk/makinghistory/historians/trevor-roper_hugh.html) (2009-05-13).

<sup>23</sup> [http://www.history.ox.ac.uk/prosundergrad/applying/selection\\_criteria.html](http://www.history.ox.ac.uk/prosundergrad/applying/selection_criteria.html) (2009-05-13).

<sup>24</sup> C. Wollner, The historical imagination: “thinking” and “doing” history, p. 1; [www.upa.pdx.edu/IMS/currentprojects/TAHv3/Team.html](http://www.upa.pdx.edu/IMS/currentprojects/TAHv3/Team.html) (2009-05-13).



Historiese en kultuurhistoriese bronne is onvolledig en kan nooit aan die navorser en student 'n volledige beeld van die gebeure, denke, emosie, en tydsgees oordra nie. Daarom benodig navorsers en studente verbeelding om hierdie leemtes te vul; om die nagevorste weergawe van gebeure interessant en lewendig te maak; om die navorser en student los van hulle hede te maak, en hulle in staat te stel om deel van die verlede te word; dit is die navorser en student se intellektuele gereedskap – 'n historiese mikroskoop of tydmasjien – wat ontwikkel en gereeld beoefen moet word; hulle sleutel tot begrip en groter empatie vir die historiese gebeure, die mense en hulle optredes, hulle geestelike en stoflike kultuurprosesse en -produkte, die tydsgees, en die betrokke kultuurtydperk.

### Module-inhoud en bronne

Die inhoud van die module oor *Suid-Afrikaanse geesteskultuur in die 19de eeu: volksgebruike, -gelowe en -wetenskap* bestaan uit die volgende temas en subtemas. Die belangrikste bronne word ook by elke tema aangegee.<sup>25</sup>

#### ➤ *Enkele karaktertrekke van negentiende-eeuse Suid-Afrikaners*

Die karaktertrekke onderliggend aan die sosiale gewete van die Afrikaner, te wete godsdienssin, konserwatisme, waardigheidsbesef, handhawing van regte, landelike realisme, reaksie en verset, en slimigheid; en die patriargale familie- en gesagstradisie, die kenmerke van die ou patriargale huisgesin en familie, familialisme, en paternalisme, wat baie van bogenoemde karaktertrekke onder negentiende eeuse Suid-Afrikaners onderlê het.

Bronne:

Cronje, G. & J.D. Venter, *Die patriargale familie. 'n Kultuurhistoriese en kultuursosiologiese studie*, Kaapstad, 1973; Nepgen, C.C., *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, Stellenbosch, 1938; Pienaar, P. de V. (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, Kaapstad, 1968.

#### ➤ *Die godsdien van Suid-Afrikaners*

Die begrippe *Calvinisme* en *Verbasterde Calvinisme* en die neerslag daarvan in die godsdien en lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner; die begrippe *Piëtisme* en *Metodisme* en die neerslag daarvan in die godsdien van die Afrikaner; die godsdienbeleving van die Afrikaner tydens die Anglo-Boereoorlog ten opsigte van godsdienaktiwiteite, godsdien siening en onverkilligheid; en die begrippe *Liberalisme* en *Modernisme* en die neerslag daarvan in die godsdien van die Afrikaner.

<sup>25</sup> K. Sevenhuysen, *Studiegids vir KTS 220: Suid-Afrikaanse geesteskultuur in die 19de eeu*, (2008), pp. 3-5, 14-25.

Bronne:

Nel, P.G. (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, Pretoria, 1979; Nepgen, C.C., *Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes*, Stellenbosch, 1938; Pretorius, F., *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, Kaapstad, 1991.

➤ *Volksgeloof van Suid-Afrikaners*

Die volksgeloof oor geeste – vuur-, lug-, water-, aardgeeste en geesverskynsels; toekomsopenbaring en toekomsvoorspelling as deel van voorbodes en voorspellings; spookgelowe met verwysing na die herkoms van spookgelowe, spookgedaantes, redes waarom gespook word, afweermiddels, historiese spoke, spookhumor, en spiritisme; gedaantewisselings met verwysing na nagmerries, die weerwolf en goëlyery; die rol van towenaars, hekse en die duiwel in Suid-Afrikaners se volksgeloof; kinderskrikke en paaiboelies met verwysing na menslike, halfmenslike en dierlike gedaantes; en die rol van diere, plante, dinge, alledaagse bygelofies, die masjieneeu, en die Christendom.

Bronne:

Bolsmann, E., *Ghosts of Pretoria. Supernatural encounters*, Pretoria, 1997; Du Plessis, M., Riviermonster maak glo weer verskyning in N-Kaap, *Rapport*, 2003-05-18; Friis, J., 'Die waterslang is terug', *Naweek-Beeld*, 2000-03-04; Grobbelaar, P.W. (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI. Boerewysheid*, Kaapstad, 1977; Miller, P., *Myths and legends of Southern Africa*, Cape Town, 1979; Potgieter, D.J. (Editor-in-Chief), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA) II-VII, IX-XI*, Cape Town, 1976.

➤ *Volkswetenskap van Suid-Afrikaners*

Volksweerkunde met verwysing na die universele aard daarvan, voorspellings, die gebruik van aparate, gelowe en gebruike rondom donderweer, en die opvatting oor weerbeïnvloeding; waterwys; volksgeneeskunde met verwysing na die redes vir die aanwending van volksgeneesmiddels, die bestanddele van volksgeneeskunde, waterkure, kruierate, Hollandse medisynes, rare rate, en doktersboeke; die rol van emanisme en animisme; en die rol van toordokters (*medicine-men*).

Bronne:

Grobbelaar, P.W. (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI. Boerewysheid*, Kaapstad, 1977; Potgieter, D.J. (Editor-in-Chief), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA) II-VII, IX-XI*, Cape Town, 1976; Pretorius, J.C., *Medicine at the Cape in the 17th and 18th centuries*, *South African Journal of Cultural History* 1(1), January 1984.

➤ *Suid-Afrikaanse gebruike en gelowe rondom geboorte, doop, huwelik, dood en begrafnis in die negentiende en twintigste eeu*

Die begrip *lotsy*e en die gebeure wat daaraan gekoppel word; die redes vir die belangrikheid van geboorte en hoe ouers hulle nuwe babas aan die wêreld bekendstel; die gebruike rondom hofmaak, verlowing en die huwelik; dood- en begrafnisgebruike van die negentiende eeu; en gebruike en gelowe rondom dood en begrafnis.

Bronne:

Grobbelaar, P.W. (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur VI. Boerewysheid*, Kaapstad, 1977; Potgieter, D.J. (editor-in-chief), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA) II-VII, IX-XI*, Cape Town, 1976; Pretorius, E.E., Dood en begrafnis in die negentiende eeu, *Studia Historiae Ecclesisticae* XXIV (1), June 1998; Van der Merwe, H., Van vry en trou, *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 50(1), 1994; Van der Westhuizen, E. (ed.), Marriage in South Africa, *Lantern* 40(3), 1991.

Om studente in hierdie module se historiese verbeelding aan te wakker en te ondersteun, besoek studente die Ditsong: Pioniersmuseum in Silverton, Pretoria, asook die Ditsong: Nasionale Museum vir Kultuurgeskiedenis waar hulle met pioniersvoorwerpe en -strukture in aanraking kom wat die verbeeldingsproses aansienlik vergemaklik en stimuleer. Dit stel hulle in staat om die gesinsopset en -dinamika binne die pioniershuis te verstaan: hofmaak moes in stilte geskied, want 'n riempiesbank kon erg kraak, die mure het inderdaad ore gehad, en die res van die gesin was werklik binne hoorafstand van die geringste geluidjie of liefdesfluistering. Die ontwikkeling van 'n eiesoortige en stil liefdestaal maak dan soveel meer sin. Studente maak ook self kerse en ervaar die reuk van die brandende kers sintuiglik. Hulle kry begrip vir die werkslading van die pioniersgesin en die groot afstande tussen plase, wat die beperking op kuier- en hofmaaktyd in perspektief stel.

Die inhoud en aanbiedingsbenadering van hierdie module, wat hoofsaaklik op die alledaagse belewenisse en aktiwiteite van gewone mense fokus, vertoon raakpunte met die studievervelde en uitgangspunte waarop tans internasionaal in Kultuurgeskiedenis gefokus word. Die Departement Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Turku in Finland, een van die oudste departemente in Europa wat 'n volledige graadkursus in Kultuurgeskiedenis aanbied, beskryf sy benadering soos volg:

*Cultural History examines people's habits, activities and the plans according to which they have constructed their lives and interacted with their environment. Thus, the studies do not focus on high culture, but equal importance is given*

*to studying the history of everyday life, of different mentalities and popular cultures.*<sup>26</sup>

Ook die Universiteit van Aberdeen in Brittanje openbaar 'n soortgelyke fokus in die volgende beskrywing van sy benadering tot Kultuurgeskiedenis:

*Cultural History offers a fresh approach to the study of the past. It homes in on the attitudes and values held by different people at different periods, and how these people experienced the world they lived in.*

*In cultural history, old hierarchies of what does or doesn't count as historically significant go out of the window. Looked at in the right way, almost everything has historical value and significance. There are many aspects of human experience which have a particularly strong fascination for the cultural historian. Childhood and old age; gender, sex and marriage; storytelling and other forms of entertainment; identity and otherness; landscape and travel; science and technology; religious practices and beliefs; ways of representing our place in the universe – the list goes on indefinitely. But cultural history is more than the sum of all these things. It isn't defined, ultimately, by its subject-matter, but by the spirit in which it approaches its subject-matter. Cultural history seeks to penetrate the subjective element in human experience. To borrow Theodore Zeldin's phrase, it is an intimate history of humanity.*<sup>27</sup>

### **Hofmaakverhale: statistiek en ontledingskriteria**

Van 2000 tot 2008 het bykans 180 studente (178 om presies te wees) vir hierdie module ingeskryf én die hofmaakverhaal ingedien. Slegs hofmaakverhale wat die 19de-eeuse pioniersomstandighede en -verhoudinge sinvol, korrek, kreatief, met empatie, en met bewyse van historiese verbeelding en begrip uitgebeeld het, is vir dié navorsingsprojek gebruik. 'n Totaal van 71 (40%) hofmaakverhale, waarvan 55 in Afrikaans en 26 in Engels geskryf is, is aan die hand van spesifieke ontledingskriteria deurgewerk en geanaliseer. In hierdie artikel word aanhalings uit 57 van die verhale gebruik as verteenwoordigend van die trant en inhoud van studente se hofmaakverhale.

Met inagneming van die leerinhoud van die module, die bronne tot studente se beskikking, en wat hulle tydens hulle besoeke aan die Ditsong: Pioniersmuseum en

<sup>26</sup> University of Turku, Welcome to Cultural History!, <http://www.hum.utu.fi/oppiaineet/kulttuurihistoria/en/> (2009-10-07).

<sup>27</sup> University of Aberdeen, Studying Cultural History, <http://www.abdn.ac.uk/ch/studych.shtml> (2009-10-07).

die Ditsong: Nasionale Museum vir Kultuurgeskiedenis kon waarneem en ervaar, is die volgende ontledingskriteria saamgestel:

1. 'n Gepaste verteller en wyse van vertelling
  - ✓ Pas die verteller van die verhaal in die 19de eeu?
  - ✓ Is die wyse van vertelling in ooreenstemming met die gebruike en kommunikasiemiddele van die 19de eeu?

**Let wel: studente skryf in Afrikaans of Engels, dus nie in die taal van die 19de eeu nie, hoewel baie pioniers wel in Engels geskryf het.**

  - ✓ Is die vertelstyl in ooreenstemming met dié van die 19de eeu?
2. 'n Verledegetroue milieu
  - ✓ Waar speel die verhaal hom af?
  - ✓ Hoe lyk die verblyfstruktuur van buite en van binne?
  - ✓ Watter vervoermiddels word gebruik?
  - ✓ Is die kleredrag in ooreenstemming met die modes van die tyd?
  - ✓ Is die meubels en gebruiksvoorwerpe in ooreenstemming met dié van die 19de eeu?
3. 'n Getroue uitbeelding van die patriargale gesagstradisie
  - ✓ Die gesagsposisie van die vader as patriarg;
  - ✓ Die georganiseerde en gedissiplineerde aard van die patriargale gesin;
  - ✓ Gesagsverhoudinge binne die patriargale gesin, veral dié tussen vader en moeder waar die moeder as tussenganger tussen vader en kinders opgetree het; dié tussen vader en kinders rakende huwelikskeuses; dié tussen moeder en seun, en tussen moeder en dogter, waar die moeder as vertroueling optree en as opvoeder, ook in die sake en weë van die hart; en dié tussen broers en susters, waar ouer en manlike kinders meer gesag as ander het.
4. 'n Getroue uitbeelding van die kenmerke van die ou patriargale huisgesin as gesags-, lots-, arbeids-, godsdienstige, en kultuurgemeenskap.
5. 'n Gepaste uitbeelding van die familiale ingesteldheid van die 19de-eeuse Afrikaner
  - ✓ Gesteldheid op familiname;
  - ✓ gesteldheid op familieherkoms;
  - ✓ opvallende familietrots;
  - ✓ die vermoë om familie uit te lê; en
  - ✓ familie-aanspreekvorms.
6. 'n Gepaste uitbeelding van die rol van godsdienste, godsdienstebeoefening en veral van die Calvinisme.

7. 'n Gepaste uitbeelding van die volkswetenskap van die 19de-eeuse Afrikaner, veral volkswetenskap, die belangrike rol van reën in die lewe van 19de-eeuse Afrikaners, en die rol van volksmedisyne.
8. 'n Juiste uitbeelding van hofmaaktradisies, -bygelowe, -volksgelowe en -gebruike
  - ✓ Die erns rondom en belangrikheid van die huwelik as lotstyd en as versinnebeelding van die voortbestaan van die groep (“trou jonk en baar baie kinders”);
  - ✓ gebruikte rondom die bepaling van die identiteit van die “toekomstige deel”;
  - ✓ optredes wat die kanse op 'n huwelik kon belemmer het;
  - ✓ hubare ouderdom;
  - ✓ ontmoetingsgeleenthede met die teenoorgestelde geslag;
  - ✓ die “opsitritueel”;
  - ✓ uitrusting van die jongman;
  - ✓ ryding van die jong man en die spesiale verhouding tussen die jong man en sy perd;
  - ✓ die optrede van die jong meisie;
  - ✓ wat gebeur het as meer as een kêrel opgedaag het;
  - ✓ opsitplekke in die huis;
  - ✓ rede vir, vorme en betekenis van liefdestaal;
  - ✓ die rol van die kers;
  - ✓ poetse en streke;
  - ✓ die einde van die aand van opsit;
  - ✓ die jong man en sy terugreis;
  - ✓ die “ouersvra”-ritueel: wanneer? en optrede van die vader; en
  - ✓ die gebruik van “die gebooië opgee” en “die lees van die gebooië”.
9. Die verhaal moes spreek van meelewing, inlewing en ervaring van die emosies van opgewondenheid, afwagting, onsekerheid, en die intense vreugde wat deel van die hofmaakproses uitgemaak het.

### **Hofmaakverhale: 'n verbeelde verlede**

Uittreksels uit studente se hofmaakverhale sal nou aan die hand van die geïdentifiseerde kriteria ontleed word:

*'n Gepaste verteller en vertelwyse*

Benewens die jong man en jong meisie wat in die meeste gevalle hulle eie verhale vertel het, is die verhale op velerlei wyses oorgedra: deur die jongmeisie (dagboekinskrywings;<sup>28</sup> 'n brief aan 'n ouer, reeds getroude suster;<sup>29</sup> in 'n brief aan 'n vriendin);<sup>30</sup> deur gesinslede (die vader; 'n jaloerse jonger suster wat die geliefdes afloer, 'n nuuskierige kleinboet);<sup>31</sup> deur diere (perde, 'n huiskat, 'n vlieg – “A fly on the wall”;<sup>32</sup> 'n spinnekoppie;<sup>33</sup> die mot wat om die opsitkers gevlieg het);<sup>34</sup> deur gebruiksvorwerpe (die opsitkers en verskeie riempiesbankies),<sup>35</sup> deur strukture in die huis (die gordyn wat in die deuropening na die ouers se kamer hang;<sup>36</sup> die buitekombuismuur, die binnekombuismuur, die kamermuur);<sup>37</sup> en selfs deur engele.<sup>38</sup>

Die vertelstyl was voorts in ooreenstemming met die leefwyse van die 19de eeu:

“Gelukkig het die vallery nie Pa se opinie laat bokspring nie ...”<sup>39</sup>;

“Hy het my vir ure geroskam en geborsel totdat my vel soos nat swart ink in die oggendson geblink het.

Dawie het sy saalsak vasgegespe, ...

Ek sien darem hoe die kwaai oom glimlag toe Dawie die ribbokboud aan hom gee.

Ligvoets soos 'n steenbokkie kom sy die vertrek binne, haar oë blou soos koringblomme, haar hare die kleur van ryp koring.

...haar lelieblanke handjies saamgevou op haar skoot.

Dawie gee die saggelike bosbokvelletjie vir haar – ‘Dat jou kaalvoetjies nie so koud kry in die winter nie’, sê hy skamerig.”<sup>40</sup>

---

<sup>28</sup> Student 2, Courtship report, 2004; Student 3, Courtship report, 2005; Student 4, Courtship report, 2004; Student 5, Courtship report, 2004; Student 6, Courtship report, 2004; Student 7, Hofmaakverslag: “Liewe Dagboek”, 2004; Student 8, Hofmaakverslag, 2000; Student 9, Courtship report, 2007; Student 10, Courtship report, 2006; Student 11, Courtship report, 2005; Student 12, Courtship report, 2005.

<sup>29</sup> Student 13, Hofmaakverslag, 2000; Student 14, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>30</sup> Student 15, Courtship report, 2004.

<sup>31</sup> Student 16, Hofmaakverslag, 2004.

<sup>32</sup> Student 17, Courtship report: “A fly on the wall”, 2005.

<sup>33</sup> Student 18, Hofmaakverslag, 2006.

<sup>34</sup> Student 19, Hofmaakverslag, 2005.

<sup>35</sup> Student 20, Hofmaakverslag: “Die roosbosman”, 2003.

<sup>36</sup> Student 21, Hofmaakverslag, 2003.

<sup>37</sup> Student 22, Hofmaakverslag: “Die opsitstorie van Pieter en Lientjie”, 2005.

<sup>38</sup> Student 23, Hofmaakverslag: “Engele”, 2002.

<sup>39</sup> Student 14, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>40</sup> Student 24, Hofmaakverslag, 2002.

*'n Verledegetroue milieu*

Studente het in hulle verhale die hofmaakprosedure verledegetrou uitgebeeld deur die proses te laat afspeel op die pioniersplaas en in die pioniershuis, meestal in die kombuis of voorhuis. Enkele verwysings is na die verblyfstruktuur gemaak:

“Toe die ruiter by die nederige kleihuisie met sy afgewitte mure stilhou,...”<sup>41</sup>

Wat vervoermiddels betref, het al die studente die jongman te perd op die plaas laat aankom. Verwysings na kleredrag was in ooreenstemming met die modes en gebruike van die tyd: die jong man het in die tradisionele wit langbroek op die plaas opgedaag (kyk by die kriteria oor *'n Juiste uitbeelding van hofmaaktradisies en -gebruike*), terwyl die jong dame haar beste drag aangehad het en moeite met haar voorkoms gedoen het:

“Ek is baie op my senuwees en kyk kort-kort of my kerkrokkie nog mooi reg sit”<sup>42</sup>;

“nuwe Sondagrok”<sup>43</sup>;

“Luckily I had my best dress on;”<sup>44</sup> en

“I must not forget to pinch my cheeks for some colour. Heavens, I look like a ghost!”<sup>45</sup>

Die verwysings na meubels en gebruiksvorwerpe was in ooreenstemming met dié van die 19de eeu:

“bank in die voorhuis”<sup>46</sup>;

“Sy steek ’n halwe kers op en tap ’n glas water uit die waterremmer. ‘Pa se keel is effens droog’, sê sy en verdwyn agter die gordyn.”<sup>47</sup>;

“Pa het dadelik gewee. Hy’t sy twaksak en klipkoppyp op die gehawende riempiesbank, wat plek gemaak het vir ’n nuwe een en deesdae onder die groot vaderlandswilg plek inneem, neergesit. Met die wys van sy vinger het Sannie gewee dis tyd om haar kamer te betree.”<sup>48</sup>

Baie interessant was ook die feit dat studente die mates van die tyd korrek weergegee het:

<sup>41</sup> Student 25, Hofmaakverslag: “Die kortstondige liefde van Frans en Sannie”, 2004.

<sup>42</sup> Student 26, Hofmaakverslag, 2007.

<sup>43</sup> Student 27, Hofmaakverslag, 2003.

<sup>44</sup> Student 4, Courtship report, 2004.

<sup>45</sup> Student 28, Courtship report, 2003.

<sup>46</sup> Student 27, Hofmaakverslag, 2003.

<sup>47</sup> Student 25, Hofmaakverslag: “Die kortstondige liefde van Frans en Sannie”, 2004.

<sup>48</sup> Student 25, Hofmaakverslag: “Die kortstondige liefde van Frans en Sannie”, 2004.



“Petra se pa het gesorg dat daar net ’n duim se kersie gebrand kon word.”<sup>49</sup>; en  
 “Hy het nogal murg in sy pype, die knapie-knapie ? dit is die verkeerde  
 beskrywing: ’n paar duime bo die ses voet staan hy kop en skouers bo my  
 uit.”<sup>50</sup>

*’n Getroue uitbeelding van die patriargale gesagstradisie*

Die gesagsposisie van die vader as streng, ongenaakbare, byna emosielose patriarg wat met die grootse ontsag en respek behandel moet word, en wat alles uitbeeld wat eerbaar in die Afrikaner is, is treffend in die studenteverhale versinnebeeld:

“Hy moes by die nooi gaan kuier, maar haar pa! So groot soos ’n reus. ’n Man wat ’n span osse alleen kon inspan. Nie iemand om mee te mors nie.”<sup>51</sup>

“Ma sê ek loer oor die agter[*sic*]deur, maar Pa sê niks. Op Pa se gesig was daar geen uitdrukking nie, soos altyd. Ek sal seker weet wat hy dink as ek die kers sien.”<sup>52</sup>

Die verhouding tussen die ongenaakbare Afrikanerpatriarg en sy ondersteunende vrou, wat dikwels met ’n enkele blik sy strengte hart kon versag, is in talle verhale verwoord:

“The couple, . . . , who greet him, are as characteristically Afrikaner as the simple well-looking after farmhouse they reside at, and expressive of a warm earthy dignity. They include a wary critical-eyed father complete with a much more approachable-seeming mother who has a twinkle in her eye that tells the young man that she is on his side.”<sup>53</sup>

Studente het in hulle verhale die besondere en ondersteunende verhouding tussen moeder en dogter getrou geskets:

“Mother helped me get ready for him to come. She kept telling me what to do and what not to do and to remember that everyone can hear everything in the house. I was to act like a lady and she and my father would see if he was suitable for me. My mother was very excited as well.”<sup>54</sup>

---

<sup>49</sup> Student 29, Hofmaakverslag, 2003.

<sup>50</sup> Student 30, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>51</sup> Student 18, Hofmaakverslag: “Hy moes by haar gaan kuier”, 2005.

<sup>52</sup> Student 8, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>53</sup> Student 31, Courtship report, 2004.

<sup>54</sup> Student 2, Courtship report, 2004.

*'n Getroue uitbeelding van die kenmerke van die ou patriargale huisgesin as gesags-, lots-, arbeids-, godsdienstige, en kultuurgemeenskap*

Studente het in hulle verhale veral op die ou patriargale huisgesin as arbeidsgemeenskap gefokus:

“Ousus se kop is deesdae so hoog in die wolke dat sy niks van haar werk kan doen nie en dan moet ek dit doen” en “Ousus het die hele dag gestaan en koekies bak vir vanaand. Dit sou nie die hele dag gevat het as sy nie gestaan en droom het en die eerste baksel laat verkool het nie. Nou gaan sy natuurlik ewe vroom in haar nuwe Sondagrok sit en vir Kobus vertel watter bo-baas kok sy is.”<sup>55</sup>; en

“Skaars ’n week later, vroeg Saterdagmiddag, was Sannie en haar ma besig om waterkerse te maak, ...”<sup>56</sup>

*'n Gepaste uitbeelding van die familie ingesteldheid*

Die gesteldheid van die 19de-eeuse Afrikaner op familienaam is in talle verhale ingevleg:

“Peteronella Jasmien van der Merwe en Johachim Gerhardus du Preez”<sup>57</sup>

Die gesteldheid op familieherkoms, familietrots, familiewelvarendheid, en die vermoë om familie uit te lê, is in baie verhale uitgebeeld:

“Die arme kind gaan sy voorgeslag tot net voor Adam en Eva moet uitlê, sê waar hulle vandaan kom, wat hulle gedoen het en hoekom. ... Pieter Johannes van Dyk van Blinkwater. Dink jy hy is van dié Van Dyks?”<sup>58</sup>; en

“Father said that Christiaan would be a fine young man to marry, as he has been brought up properly by a true Afrikaner family.”<sup>59</sup>

Die tradisionele groot gesinne is ook in terloopse vermeldings aangetoon:

“I am after all one of six daughters and five sons!”<sup>60</sup>; en

“Sy kyk na haar gesin wat die hele vertrek met hulle teenwoordigheid vul.”<sup>61</sup>

<sup>55</sup> Student 27, Hofmaakverslag, 2003.

<sup>56</sup> Student 25, Hofmaakverslag: “Die kortstondige liefde van Frans en Sannie”, 2004.

<sup>57</sup> Student 32, Hofmaakverslag, 2006.

<sup>58</sup> Student 22, Hofmaakverslag: “Die opsitstorie van Pieter en Lientjie”, 2005.

<sup>59</sup> Student 6, Courtship report, 2004.

<sup>60</sup> Student 6, Courtship report, 2004.

<sup>61</sup> Student 33, Hofmaakverslag, 2000.

Die wyse waarop gesinslede en volksgenote aangespreek is, is gepas uitgebeeld: daar is na “Vader” en “Moeder” verwys, na “Ouboet” en “Ousus”, na “Oom” en “Tante” en selfs “Nig” het voorgekom.

*’n Gepaste uitbeelding van die rol van godsdienste, godsdienstebeoefening en veral Calvinisme*

Studente, veral Engelstalige studente, het in hulle verhale enkele verwysings na die Calvinistiese ingesteldheid van die pioniers gemaak:

“As for the young lady, she is not worried in the least. They are Calvinistic after all, and she knows that everything is in God’s hands.”<sup>62</sup>; en  
 “Mother said that God must have willed us to be together then.”<sup>63</sup>

*’n Gepaste uitbeelding van die volkswetenskap*

Volkswetenskap, die belangrike rol van reën in die lewe van 19de-eeuse Afrikaners, en die rol van volksmedisyne het ook in die verhale beslag gekry. Studente het in hulle verhale terloopse verwysings na die belangrike rol van die weer, veral van reën, binne die 19de-eeuse boerdery-opset gemaak, veral in die gesprekke tussen die jong man en haar ouers wat die opsit voorafgegaan het:

“My father has also been complaining about the weather. Don’t worry though, my knee was aching yesterday, so I am sure rain is on it’s way. Ouboet also spotted a tortoise hiding behind a bush yesterday. The good Lord is definitely blessing us with rain soon.”<sup>64</sup>; en  
 “The conversation would immediately swing to the good rains which had blessed the valley over the past week, ...”<sup>65</sup>

*’n Juiste uitbeelding van hofmaaktradisies, -bygelowe, -volksgelowe, en -gebruike*

Studente het in hulle verhale die erns rondom en die belangrikheid van die huwelik as lotstyd en as versinnebeelding van die voortbestaan van die groep op velerlei wyses aangetoon en beklemtoon:

---

<sup>62</sup> Student 31, Courtship report, 2004.

<sup>63</sup> Student 6, Courtship report, 2004.

<sup>64</sup> Student 15, Courtship report, 2004.

<sup>65</sup> Student 34, Courtship report, 2001.

“Dinge vorder vinnig  
 vanaf kuier  
 na die sluier  
 voor die kansel  
 na die doopvont!”<sup>66</sup>

“Ek verstaan nie hoekom moet ’n meisie so vroeg trou nie, maar my ma sê dis elke meisie se plig om ’n bydrae te maak tot die Afrikanervolk.”<sup>67</sup>

Die gebruike en bygelofies aangaande die bepaling van die identiteit van die “toekomstige deel” het studente se verbeelding aangegryp en is in talle van die verhale beskryf:

“Sanet sê Jaco Louw is die man van haar drome. Sy het al drie keer van hom gedroom wat beslis ’n goeie teken is. Volgens haar het sy ’n lemoen versigtig afgeskil sodat die skil nie moes breek nie. Daardie aand het sy die skil onder haar kussing gesit en toe droom sy van Jaco. Met nig Jakoba se troue het sy weer ’n stuk troukoek onder haar kussing gesit en van hom gedroom. Die laaste keer was toe sy ’n onoopgebreekte ertjiepeul met sewe korrels onder haar kussing gesit het. Sy het daardie aand weer van Jaco gedroom.”<sup>68</sup>

Die bygelofies en gebruike rakende optredes wat die kans op ’n huwelik kon belemmer het, is in enkele verhale bespreek:

“Ek hoop al vir ’n rukkie dat hy die groot vraag wil vra; ek doen al die dinge reg; ek sit nie op tafels nie, ek speel nie pop nie, ek tree nie oor ’n besem nie, en ek neem nooit die laaste stukkie kos uit die bord nie.”<sup>69</sup>

Studente was baie bewus van die ouderdom waarop met hofmaak begin is, die sogenaamde hubare ouderdom:

“Vandag is ’n baie spesiale dag. Dis Nagmaalsondag en dan is dit nog boonop my sestiende verjaarsdag ook nog. Moeder het juis vanoggend die opmerking gemaak dat dit hoog tyd is dat ek nou oor die onderdeur kan begin loer.”<sup>70</sup>;  
 en

“Ma sê ek loer oor die agter[*sic*]deur, ... Ma sê ook dis tyd, want ek is darem al vyftien.”<sup>71</sup>

<sup>66</sup> Student 35, Hofmaakverslag: “Kuiertjies oor en weer”, 2000.

<sup>67</sup> Student 36, Hofmaakverslag, 2007.

<sup>68</sup> Student 37, Hofmaakverslag, 2007.

<sup>69</sup> Student 38, Hofmaakverslag, 2003.

<sup>70</sup> Student 39, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>71</sup> Student 8, Hofmaakverslag, 2000.

Die ontmoetingsgeleentede met die teenoorgestelde geslag is telkens in die verhale geskilder. Die geleentede waarna verwys is, het die volgende ingesluit: "...birthday parties,<sup>72</sup> picnics,<sup>73</sup> church gatherings and any other occasions appropriate ..."<sup>74</sup>; by 'n plaasopskop;<sup>75</sup> by kerkdienste en Nagmaalvieringe;<sup>76</sup> en selfs by volksfeeste, soos die 50ste herdenking van die Groot Trek in 1888.<sup>77</sup>

Studente het ook telkens verwys na die speletjies, veral soenspeletjies<sup>78</sup>, wat tydens hierdie geleentede gespeel is.<sup>79</sup>

Al die studente het die opsitritueel op 'n Saterdagavond laat plaasvind. Party studente het in hulle verhale verwys na die toestemming wat vooraf van die vader van die meisie verkry moes word:

"I heard how Jaco had asked Father if he could come and visit me tonight ... for a while I couldn't breathe as I knew Father has never given permission to ANYONE! My heart almost jumped out of my body when father said YES!"<sup>80</sup>

Een van die hofmaakrituele wat die studente behoorlik gefassineer het, was die uitrusting wat die jong man vir die hofmaakgebeure moes aantrek. Die feit dat dit 'n wit broek was in 'n baie stowwerige en vuil milieu het tot interessante toneeltjies aanleiding gegee. Die platgekamde hare, en die probleem om dit so te kry én so te hou, het lagwekkende beskrywings tot gevolg gehad; dieselfde geld vir die wapperende sakdoek in die baadjiesak:

"Nieteenstaande die feit dat sy wit broek nou skoon geroskam lyk, moes hy onder een reus van 'n Afrikaner- of Drakensbergerbees gelê het om sy hare so plat teen sy bol te kon kry. Met 'n gryslag kyk ek hom so van die stoep af as ek sien hy weet ook nie mooi om die sakdoek te gebruik wat so met 'n hakerige punt in sy sak wapper as hy aangery kom nie."<sup>81</sup>; en

<sup>72</sup> Student 15, Courtship report, 2004; Student 40, Courtship report, 2006; Student 36, Hofmaakverslag, 2007; Student 9, Courtship report, 2007.

<sup>73</sup> Student 41, Courtship report, 2005; Student 40, Courtship report, 2006; Student 42, Hofmaakverslag, 2003; Student 38, Hofmaakverslag, 2003; Student 10, Courtship report, 2006; Student 11, Courtship report, 2005.

<sup>74</sup> Student 31, Courtship report, 2004; Student 13, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>75</sup> Student 22, Hofmaakverslag: "Die opsitstorie van Pieter en Lientjie", 2005.

<sup>76</sup> Student 4, Courtship report, 2004; Student 39, Hofmaakverslag, 2000; Student 43, Hofmaakverslag, 2000; Student 14, Hofmaakverslag, 2000; Student 25, Hofmaakverslag: "Die kortstondige liefde van Frans en Sannie", 2004.

<sup>77</sup> Student 6, Courtship report, 2004; Student 18, Hofmaakverslag: "Hy moes by haar gaan kuier", 2005.

<sup>78</sup> Student 42, Hofmaakverslag, 2003; Student 9, Courtship report, 2007; Student 28, Courtship report, 2003; Student 25, Hofmaakverslag: "Die kortstondige liefde van Frans en Sannie", 2004.

<sup>79</sup> Student 41, Courtship report, 2005.

<sup>80</sup> Student 12, Courtship report, 2005.

<sup>81</sup> Student 30, Hofmaakverslag, 2000.

“Dit was so snaaks, die sakdoek wapper in sy sak van die wind, maar sy hare beweeg glad nie, so styf is dit teen sy kop vasgesmeer. Met wat wil ek nie eers aan dink nie. Hy het so galant gelyk, my eie ruiter op ’n wit perd, en daar begin die kaskenades toe: die perd skrik vir ’n slang en runnik so dat arme Jakobussie plat op sy rug beland. ... En daar staan hy toe met sy wit broek vol kolle dat hy lyk soos een van oom Doors se melkkoeie.”<sup>82</sup>

Dit blyk uit studente se verhale dat hulle diep onder die indruk gekom het van die besondere verhouding wat tydens die 19de-eeuse pioniersomstandighede tussen die jong man en sy perd bestaan het; soveel so dat een student selfs ’n skets van die spogperd gemaak het! (**Figuur 1**)



**Figuur 1: ’n Jong man uitgedos vir ’n aand se hofmaak op sy getroue ryperd**  
(Bron: Student 24, Hofmaakverslag, 2002)

<sup>82</sup> Student 14, Hofmaakverslag, 2000.

“O, ek hou van Lenie! Sy het eenmaal op my gery en sy is lig soos ’n veertjie met sagte hande en ’n soet stemmetjie. Ek kan goed verstaan hoekom my kleinbasie so mal is oor haar. Hy begin nou lekker rooi hakskeentjies kry, die Dawie van my.”<sup>83</sup>

Die korrekte, kuise manier van optrede deur die jong meisie wanneer die jong man die huis genader het, is ook in die verhale geskilder:

“Ek was nooit so skaamteloos soos Katryn om self die voordeur te gaan oopmaak en hom in te wag nie. O, nee! Pa sou dit in elk geval ook nie toegelaat het nie.”<sup>84</sup>

Die dilemma wanneer meer as een kêrel opgedaag het en die gebruikte wat daarmee saamgehang het, is met groot smaak deur die studente vertel:

“When my master entered this room, he was greeted by the site of three other young gentlemen... All I could hear myself screaming inside myself was ‘ask for a glass of water’. I had scarcely finished with this inner scream when my master completely and utterly flabbergasted me by asking his young hostess for a glass of water. ‘Oh, may the heavens rejoice!’ ... Still he came out [of the kitchen] with his head held high and with the question, ‘Do any of you have matches?’”<sup>85</sup>

Studente het in hulle verhale die kombuis<sup>86</sup> en die voorhuis<sup>87</sup> as tradisionele opsitplekke beskryf. Die enkele aspek van die hofmaakritueel waaraan studente die heel meeste aandag geskenk het, was die rede vir, die vorme en betekenis van liefdestaal, en alles wat maar moontlik in hierdie kommunikasieproses kon skeefloop. Die redes vir die gebruik van ’n stille liefdestaal is soos volg verwoord:

“..., every movement made echoed throughout the house.”<sup>88</sup>; en

“The father left the two in the room, going only a few meters away behind the curtain to his own bedroom. They spoke in hushed voices, occasionally

<sup>83</sup> Student 24, Hofmaakverslag, 2002.

<sup>84</sup> Student 43, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>85</sup> Student 41, Courtship report, 2005.

<sup>86</sup> Student 44, Courtship report, 2002; Student 4, Courtship report, 2004; Student 15, Courtship report, 2004; Student 45, Courtship report: “A love story”, 2005; Student 18, Hofmaakverslag, 2006; Student 8, Hofmaakverslag, 2000; Student 46, Hofmaakverslag, 2002; Student 14, Hofmaakverslag, 2000; Student 34, Courtship report, 2001; Student 12, Courtship report, 2005; Student 28, Courtship report, 2003.

<sup>87</sup> Student 41, Courtship report, 2005; Student 47, Courtship report, 2007; Student 39, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>88</sup> Student 48, Courtship report: “To squeak or not to squeak? A riempiesbankie’s story”, 2004.

picking up a mint that had their true thoughts written on them and handed them to one another.”<sup>89</sup>

Die gebruik van koppietaal in die studente se verhale was meestal suksesvol om die liefdesboodskap oor te dra, maar soms het ernstige kommunikasiegapings ontstaan wanneer een van die twee partye nie so geoefend in die gebruik van koppietaal was nie:

“Jakobus het my skoon verras met hoe goed hy die koppietaal baasraak. Selfs Katarina het met ’n glimlag opgemerk, ‘Jakobus Vivier, het jy aan jou koppietaal geoefen in plaas daarvan dat jy jou pa met die boerdery help?’. Sy antwoord daarop was vonkelende oë, met ’n vinger op sy wang.”<sup>90</sup>; en  
 “Maar wanneer ek die koppies gewaar, begin die senuwees knaag. ... Koppietaal laat my kop draai. ‘Ai tog, genoeg nou van die koppietaal! Het jy my lief en kan ek om jou hart vra?’ Die antwoord kom blosend en sag: ‘Ek het jou van harte lief, maar die koppietaal het my ook deurmekaar!’”<sup>91</sup>

Die liefdesbetekenis wat aan blomme geheg word, is mildelik in die studente se verhale ingesluit:

“Japie klop aan die voordeur met ’n bossie blomme in die hand, Afrikaners, wat net een ding beteken? ‘ek gee my hart aan jou en my geluk hang van jou af’.”<sup>92</sup>; en  
 “‘Wat gaan jy my noem?’ Dawie het hom nie maklik in ’n hoek laat dryf nie, en al het sy ore rooi geword, sê hy: ‘Madeliefie ... jy laat my aan ’n fyn wit madeliefie dink.’ Lenie se blou oë het geblink, want dit beteken natuurlik dat sy onskuldig mooi is.”<sup>93</sup>

Die gebruik van vryepermente met boodskappies op is met groot sukses in die verhale verweef:

“..., en omrede die vertrekke slegs deur gordyntjies geskei is, moes die tweetjies maar hulle fluisterstemme uithaal. ... Sy hou vir Frans die bordjie met pepermente. ‘Kies vir my een’, sê Frans. ... Sy neem die een wat sê ‘soen my gou’, en gee dit vir Frans. Hy kyk lank en intens na die ment, loer oor

---

<sup>89</sup> Student 10, Courtship report, 2006.

<sup>90</sup> Student 18, Hofmaakverslag, 2006.

<sup>91</sup> Student 49, Hofmaakverslag, 2003.

<sup>92</sup> Student 50, Hofmaakverslag, 2003.

<sup>93</sup> Student 24, Hofmaakverslag, 2002.



sy skouer en leun stadig vooroor. Sannie doen dieselfde. Soos hulle lippe mekaar nader, gee die nuwe riempiesbank ’n kraak en skielik maak oom Piet keelskoon.”<sup>94</sup>

Van die studente het in hulle verhale ’n kombinasie van liefdestale ingespan en die geliefdes moes mooi kophou en onthou om by die verskuilde betekenis uit te kom:

“Hy glimlag vir haar en gee vir haar ’n velsakkie wat hy uit sy sak haal. Sy maak dit oop en vind daarbinne die volgende voorwerpe: ’n pepermentlekker waarop staan ‘Wees myne asseblief’, ’n roosblaartjie, ’n skets van ’n koppie op ’n piering (wat beteken ‘Gee my ’n soen’) en dan ook ’n stukkie bokmis (wat beteken ‘Bly by my deur moeilike tye’). Sy het alles gevat en daarna gekyk en net vir hom geknik om hom te laat weet dat sy instem.”<sup>95</sup>; en

“This could be a very quiet and quick night if something did not happen soon. Finally, I felt a tap on my toe. Thomas then handed me a peppermint. I was so excited: this meant Thomas had a warm feeling. Then I offered him a cup of tea. I passed the cup diagonally and he accepted the cup diagonally. Yes! I thought to myself. This night was going so well.”<sup>96</sup>

Studente het die belangrike en onmisbare rol van die opsitkers met groot oortuiging in hulle verhale uitgebeeld: van die lengte van die kers wat op ouerlike goedkeuring, of nie, gedui het, tot maniere om die kers langer te laat brand:

“Toe Jan nader skuif om vir hom melk by sy koffie te gooi, merk hy die lang, kers op. ‘Dankie, tog!’ , dink hy. ‘Dit lyk darem of haar ouers hulle goedkeuring gee’.”<sup>97</sup>; en

“En die kers wat so stadig brand. Drien het self gesien hoe Anabel skelmpies ’n paar knippies sout vir die opsitkers se pit uit die spens gaps.”<sup>98</sup>; en

“Ma het vooraf ’n speld in die vetkers gestee, as die vlam daar by die speld kom, moet ons die opsittery beëindig’, sê ek vir Sarel. ‘My vosharnooi, dis nie die eerste keer wat ek vir jou kom kuier nie. Ek het my eie kers saamgebring’, sê hy vir my.”<sup>99</sup>

<sup>94</sup> Student 25, Hofmaakverslag: “Die kortstondige liefde van Frans en Sannie”, 2004.

<sup>95</sup> Student 19, Hofmaakverslag, 2005.

<sup>96</sup> Student 40, Courtship report, 2006.

<sup>97</sup> Student 51, Hofmaakverslag, 2006.

<sup>98</sup> Student 52, Hofmaakverslag: “Drien se geelwit dahlia”, 2001.

<sup>99</sup> Student 53, Hofmaakverslag, 2000.

Studente het in hulle verhale breedvoerig uitgewei oor die poetse en streke wat die broers van die meisie uitgehaal het om die lewe vir die jong man nog moeiliker te maak:

“’n Uur was nog nie verby nie en die kers nog nie eers halfpad gebrand nie, toe daar ’n hewige hoesbui van die kamer se kant af kom. ‘Ag nee!’, sê albei gelyktydig. ’n Pa se woord, in die geval ’n hoesbui, is wet en dit beteken dat Jan huiswaarts sal moet keer. Jan het ewe traag begin opstaan toe hy ’n gelag hoor.”<sup>100</sup>

Studente het die einde van die aand se hofmaak, wat met die keelskoonmaak van die vader aangedui is, soms heel vermaaklik uitgebeeld:

“Net na tien begin pa weer oudergewoonte kug. Jakobus spring so vinnig op dat hy die kers laat omval en daar vat die witbroek, met die vuil kolle, vlam. Ek gil natuurlik, terwyl ek met ’n afdroogdoek rondom hom trippel en die vlammetjies probeer doodslaan, en daar staan Pa toe! Dit het gelyk of die vlammetjies oorgespring het na sy oë toe, en ek kon sweer die rook het by sy neus uitgekom. Pa wou net begin praat, toe Ma haar arm rondom hom sit.”<sup>101</sup>

Die optrede van die jong mans op hulle terugreis na afloop van ’n suksesvolle aand van hofmaak, is met die beskrywing van die sing van talle liefdesliedjies in die verhale ingesluit:

“Die hele pad huis toe neurie hy ’n liedjie: ‘My hartjie, my liefie, die son sak weg!’”<sup>102</sup>; en

“I was totally speechless on the way home, the only thing I could do was sing, it was not me singing but my heart pouring out words of love and happiness!”<sup>103</sup>

Party studente het in hulle verhale die hofmaakproses tot op sy einde gevoer en die “ouersvra”-ritueel, die optrede van die vader in dié verband, en selfs die gebruik van “gebooie opgee” in hulle verhale verwoord:

“Daardie aand nog het Chrisjan my ouers gevra en die gebooie was sommer die volgende oggend die eerste maal in die kerk gelees. ... ’n Maand later, die Sondag voor Geloftedag, het ons in die kerk getrou.”<sup>104</sup>; en

<sup>100</sup> Student 51, Hofmaakverslag, 2006.

<sup>101</sup> Student 14, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>102</sup> Student 54, Hofmaakverslag, 2006.

<sup>103</sup> Student 3, Courtship report, 2005.

<sup>104</sup> Student 55, Hofmaakverslag, 2000.

“He was so excited but scared at the same time. Eventually he plucked up courage to ask if he could enter the parents’ bedroom. A low grumble of a voice ordered him into the bedroom. Melissa’s father was now illuminated by a candle light. The father, although in a sleepy state, knew exactly what Peter wanted and encouraged him over to the bed. ‘You want to marry my little girl, hey?!, asked the father. ‘I would love more than anything in the world to marry your daughter’, Peter replied. The father smiled, ‘Do you love her enough and promise to provide and care for her all your life?’ ‘Yes, I promise from the deepest corner of my heart. I love her!’, Peter exclaimed. ‘Then you shall marry her if it is what she wills.’ Both of them smiled and then Peter left the room to share the good news with Melissa.”<sup>105</sup>

### *Die hofmaakproses*

Die verhaal moes spreek van meelewing, inlewing en ervaring van die emosies van opgewondenheid, afgagting, onsekerheid, en die intense vreugde wat deel van die hofmaakproses uitgemaak het. Hier het studente glad nie teleurgestel nie en die verhale het elke intense emosie van verlief wees in oorfloedige en emosionele beskrywings verwoord:

“My eie opsitkers!”<sup>106</sup>;

“Wat ’n onvergeetlike aand!”<sup>107</sup>;

“Ons hande vind mekaar soos twee langverlore pelgrims. My lippe raak haar lippe aan en skielik voel dit asof ek sweef. Alhoewel dit net ’n vinnige, maar passievolle soen was, het dit gevoel soos ’n ewigheid.”<sup>108</sup>;

“Vasgevang in die greep van verliefdheid, was sy verlore in ’n rivier van emosies.”<sup>109</sup>; en

“I am in love!”<sup>110</sup>

### **Slot**

Het hierdie kreatiewe oefening in historiese verbeelding daarin geslaag om studente die leef-, gedagte-, en gevoelswêreld van die pionier te laat betree?

<sup>105</sup> Student 44, Courtship report, 2002.

<sup>106</sup> Student 8, Hofmaakverslag, 2000.

<sup>107</sup> Student 26, Hofmaakverslag, 2007.

<sup>108</sup> Student 56, Hofmaakverslag, 2003.

<sup>109</sup> Student 20, Hofmaakverslag: “Die roosbosman”, 2003.

<sup>110</sup> Student 6, Courtship report, 2004.

Die antwoord is onomwonde instemmend: die wyse waarop studente hulleself in hierdie omstandighede en gebeure ingeleef het, het tot kreatiewe, verbeeldingryke, sintuiglike, begripsvolle en meelewende verhale aanleiding gegee. Met die lees van hierdie gedetailleerde en beskrywende verhale, word beelde en voorstellings van die omstandighede, gebeure en emosies van 'n 19de-eeuse pioniershofmaakaand helder en byna tasbaar opgeroep. Die leser voel hom/haar nie net deel **van** die pionierswêreld nie, maar word deur hierdie verhale en die beelde wat daardeur opgeroep word, beslis **in** die pionierswêreld ingetrek.

Laat ons ten slotte nog 'n hofmaakaand beleef, wees deel hiervan, en ervaar die emosie (en die frustrasie!):

*Opsiterskommunikasiegaping*

In witbroek geklee, sy hare,  
 en ook sy vosperd deftig geroskam,  
 het Piet Saterdaggaand 'n poging aangewend  
 om sy trouwrou te vang.

By nagmaal en sy verjaarsdag  
 het hy haar al gewaar –  
 nou sit en wonder Piet  
 'sou sy dalk eendag my kinders kon baar?'

Sannie van Niekerk  
 ag, tog te fraai!  
 Wat sou sy sê  
 as hy by haar kom draai?

Oubaas Van Niekerk  
 het dit self seker nooit gedoen  
 want 'n drie duim kersie  
 was al tyd vir Piet om te soen!

Slim Oubaas het die kers,  
 vernietigend, reg langs sy kamer opgevlam.  
 Hoe sou Piet dan haar vertel –  
 sy maak sy knieë lam?

Sout op die kers het dit nie gekeer,  
om baie vinnig naby aan uitbrand te verkeer.  
Pepermente en blomme is reeds aan haar gegee,  
maar hoe kon hy haar van haar voete af vee?

'n Laaste desperate poging het nou oorgebly,  
'n lyftaal wat meen, 'Wil jy graag vry?'  
Was dit nou lepel in sy eie óf in die koppie se oor??  
Die verkeerde een sou die liefde vermoor ...

Oujongkêrel Piet du Plooy is vandag nog baie spyt,  
oor daardie verskriklik-mislukte 'date'.  
Die lepel in sy oor het nie reg gevoel,  
Oubaas van Niekerk het toe wel geslaag in sy doel!<sup>111</sup>

---

<sup>111</sup> Student 57, Hofmaakverslag: "Opsiterskommunikasiegaping", 2003.